











**DONDERDAG**
31 Augustus 2023
Volg ons op Facebook (@067triangle)
Stuur 'n e-pos na 067triangle@gmail.com

# oh!sixseven
central northern areas

## Bekende konynboer, Johan Potgieter, nou stukrag agter plattelandse opleidingsentrum.

**Shadonai Training Academy kom platteland toe, wat beteken enige een sal geakkrediteerde kwalifikasies in onder meer gewasproduksie, lewendehawe bestuur, hoender- en konynboerdery en akwaponika op die platteland kan verwerf.**

Johan Potgieter, beter bekend as die konynboer van Oholle Farming by Karibib, gaan nou sy kennis oor konynboerdery en meer in 'n formele opleidingskursus op Outjo deel.

Inteendeel, hy en 'n reeks ander kenners gaan opleiding in onder meer gewasproduksie, lewendehawe bestuur, hoenderboerdery asook akwaponika

To page 2




## Plaas-rooftog 'n "wake-up call"

Terwyl misdaadsyfers in die Otjozondjupa-streek die afgelope jaar met soveel as 200% gestyg het, doen Strike Force - 'n groep vrywilligers wat 'n noodroepdiens op Grootfontein bied – 'n dringende beroep op inwoners se ondersteuning.

Dit kom terwyl die Grootfontein-omgewing ook al meer misdaad ervaar.

Strike Force se Jeremia Ulika sal op Donderdag 14 September, 19:00 op Grootfontein Skou 'n praatjie bied oor hoekom plaasmisdaad 'n "wake up call" vir almal moet wees. Die plan is om later 'n veiling te hou en boere word gevra om beeste en kleinvee vir die beplande veiling te skenk.

Strike Force moet sowat N$250 000 tot N$360 000 vir sekuriteitskameras insamel wat in en rondom die dorp opgesit sal word, terwyl 'n OPS-kamer beplan word,"

To page 2



From page 1

aanbied onder die vaandel van die Shadonai Training Academy aanbied – 'n nie-winsgewende opleiding-sentrum wat daarvoor bekend is dat dit jare lank reeds opleiding in verskeie skoonheidskursusse aanbied.

Potgieter is een van die direkteure van die sentrum, wat nou op Outjo gevestig is.

"Alle kursusse is geakkrediteerd en jy sal uit sowat 200 nasionale kwalifikasies by die sentrum kan kies.

"Daar is ook 37 internasionale vaklyne en meesterskIasse of vaardigheidsklasse.

"Die meeste van die vakke bestaan uit sowat 70% praktiese werk en 30% teoretiese werk," het Johan vertel.

"Dit is vir die outjies wat hul voete en hande wil vuilmaak.

"Boerdery is eindelik iets prakties.

"Dis wonderlik om teoretiese kennis te hê, maar om vas te stel of iemand suksesvol gaan wees, is praktiese vaardighede nodig.

"Ons neem ook hande met die gemeenskap.

"Daar waar ons tekort skiet, kry die studente 'n geleentheid om byvoorbeeld by boere op plase te gaan werk en praktiese ervaring te gaan opdoen.

Hierdie is mense wat in die leerskool van die lewe lankal reeds prakties in die praktyk werk. Hulle vorm 'n integrale deel van die opleidingskursus," het hy vertel.

Shadonai sal verder 'n Christelike-brugjaar aanbied vir jongmense wat nog onseker oor hul toekoms is, asook opleiding in gesondheid- en veiligheid, noodhulp en fiksheid.

Die opleiding in skoonheidsrigtings word ook steeds aangebied.

## 20 jaar ervaring

Johan vertel sy ma het Shadonai begin toe hy nog baie klein was en dit was altyd 'n opleidingsentrum vir "vroue-goedjies". Dit is 'n kollege wat al 20 jaar in die bedryf is, en wat nou net uitgebrei het om nuwe kursusse in te sluit.

"Die sentrum op Outjo is nuut. Tans het ons sowat 30 klaskamers – dit is 'n ou hospitaal op Outjo wat ons omskep het – waarin opleiding aangebied gaan word.

"Daarbenewens het ons 'n 600 ha proefplaas en 'n hotel wat 'n koshuis is vir van die deeltydse en voltydse opleiding," vertel hy.

Johan sê hulle maak voorsiening vir oud en jonk, met langer programme wat oor jare strek vir skoolverlaters tot korter kursusse vir werkende mense.

**Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na: infoshadonai@gmail.com of skakel 081 270 0999.**

From page 1

het Götz Nederlof, wat aan stuur van die inisiatief staan, gesê.

Götz, 'n reservis vir meer as tien jaar, verduidelik dat die noodroepdiens sowat vier maande gelede gestig is en bestaan uit 'n groep vrywilligers wat hul eie voertuie en hulpbronne benut om die gemeenskap spesifiek in noodsituasies by te staan.

Hulle het ook vinnige bystand verleen toe die boer Udo Gärtner in Julie op 'n Grootfonteinse-plaas aangerand en beroof is. Dit sluit in dat Götz onmiddelik na die toneel uitgery het en padblokkades opgestel is.

## Vir lewe en dood

Strike Force het voortgevloei uit die Grootfontein-buurtwag – maar met die verskil dat dit 'n reaksiespan vir noodsituasies is.

"Ons is 'n span van vrywilligers wat enige tyd in die dag en nag gereed staan om op nood in die gemeenslap te reageer – hetsy dit in die dorp is of om byvoorbeeld te voorkom dat renosters gestroop word," verduidelik hy.

"Ons kan egter nie hierdie geveg alleen wen nie, ons het die hele gemeenskap se ondersteuning nodig." Götz verduidelik hulle soek meer vrywilligers om hulself vir die nooddienste beskikbaar te stel, terwyl hulle ook geldelike ondersteuning kort.

"Daar is genoeg jongmense in die dorp om betrokke te raak. Tans is daar net 'n handvol manne wat help," het hy gesê en bygevoeg dat mense hom hieroor kan kontak.

"Ons kort ook items soos koeëlvaste baadjies, terwyl daar gedurig 'n behoefte aan brandstof is en waarvoor vrywilligers tans self betaal. Sonder samewerking



Strike Force se Götz Nederlof



Strike Force se Jeremia Ulika

uit die gemeenskap kan ons niks doen nie."

## Bystand

Götz sê daar is 'n bankrekening vir Strike Force oopgemaak, slegs twee Grootfonteiners wat tot dusver geldelike bydraes gemaak het.

Organisasies soos Engen, Cymot en Holland het ook al bystand verleen.

Hy het weereens 'n beroep gedoen dat mense hulle beplande veiling sal ondersteun – hulle vra dat boere vee sal skenk vir die beplande veiling.

Götz skenk self 'n bees en vra dat nog boere sy voorbeeld sal volg.

**Vir meer inligting, kontak Götz by 081 140 0404.**

**Strike Force se bankbesonderhede is:**

**Gotz Alexander Nederlof,**

**Bank Windhoek,**

**Rek. Nr. 8034 868 487,**

**Takkode 482-473.**

# Outjo spog met wild

**Terwyl die Outjo Wildsfees weer hope pret was vir oud en jonk met verskeie kunstenaars wat opgetree het, talle uitstallers en groot pret vir die kinders, is die hoogste bod van N$340 vir 'n renoster tydens die Outjo-wildsveiling betaal.**



Vanaf vroegdag tot laataand - feesgangers het die Outjo Wildsfees geniet!

**Die fees, wat aanvanklik deur die Otjikondo-boerevereniging begin is, is vanjaar vir die eerste keer op 'n splinternuwe feesterrein aangebied – net sowat 10 km buite Outjo op die Khorixas-pad. Die hart van die fees bly egter die wildveiling.**

### Hoë pryse

Volgens Agra en verskeie ander rolspelers is 'n uiterse suksesvolle veiling op Saterdag 26 Augustus gehou, met 'n omset van sowat N$4,9 miljoen en algemene hoë pryse wat vir wild betaal is.

Daar is sowat N$140 000 vir 'n swartwitpensbul betaal, terwyl bestergemsbokverse vir N$120 000 verkoop het en 'n Lechwe-bul vir N$60 000. Daar is ook N$19 000 per Damara Dik Dik betaal en N$26 000 vir 'n koedoebul.

Dirk du Preez van Du Preez Wild, wat die gasheer van die veiling was, het gesê hulle is uiters tevrede met die resultate van die wildveiling gewees. Dit is die tiende jaar wat hulle by die wildsveiling betrokke is.

## Veiling gemiddeldes:

| | |
|---|---|
| Waterbokbulle | N$26 000 |
| Waterbok-teelgroep | N$10 000 |
| Tsessebe trofeebul | N$37 000 |
| Springbokram | N$8 500 |
| Springbok teelgroep | N$4 500 |
| Swartwitpens bul | N$100 250 |
| Swartwitpenskoeie | N$70 000 |
| Bastergemsbokbul | N$101 000 |
| Bastergemsbokverse | N$120 000 |
| Renosterkoeie | N$330 000 |
| Hartebeeste | N$18 500 |
| Volstruis-broeigroep | N$12 500 |
| Gemsbokbul | N$8 500 |
| Nyala-bul | N$36 000 |
| Nyala-teelgroep | N$20 000 |
| Lechwe-bul | N$37 250 |
| Lechwe-koeie | N$17 500 |
| Koedoebulle | N$23 500 |
| Rooibokram | N$9 250 |
| Rooibok-teelgroep | N$6 000 |
| Hartmann Zebra-teelg | N$13 500 |
| Goue wildebees | N$62 000 |
| Goue wildebees | N$46 000 |
| Goue gemsbok-teelgr | N$22 000 |
| Kameelperde | N$22 000 |
| Damara Dik Dik-teelgr | N$19 000 |
| Vlaktezebra teelgroep | N$13 500 |
| Blouwildebeesbul | N$19 000 |
| Blouwildebees | N$12 000 |
| Blesbokram | N$13 500 |
| Blesbok-teelgroep | N$15 000 |
| Swart wildebeesbul | N$25 000 |
| Swart wildebees-teelgr | N$21 000 |


Die Du Preez tydens die wildsveiling.


Die wildsveiling het groot belangstelling gehad.

# Losie Makalani

## Grootfontein




**'n Opregte dankie!**

**Losie Makalani is hartlik bedank vir die groothartige skenking van N$20 000 wat aan die Karl Albrecht Oord gemaak is.**

Die geld sal aangewend word om die oord se fasiliteite, aktiwiteite en dienste te verbeter en inwoners se lewens betekenisvol verryk.

## Losie Makalani vier 50ste bestaansjaar







## Rib & Braaibroodjie Competition winners

**26 Augustus 2023**

*Grootfontein se Lions Club sê dankie vir 'n lekker kuier en braaikompetisie ten bate van die Karl Albrecht Oord!*

### 1st place

Silence of the lambs-team
Peter Joubert & Louis Pretorius

### 2nd place

Die buurtwag
Gerrie van Staden & Andrew Coetzee

### Best presentation

Courtyard Guesthouse
Lizette Oosthuizen & Yvonne le Riche












**Navrae: Peter - 081 127 3652, Lara - 081253 3400, Wimpie 081 366 3087**




Navrae: Peter - 081 127 3652, Lara - 081253 3400, Wimpie 081 366 3087

# Grootfontein skou binnekort!

**Grootfontein Skou word vanjaar vanaf Woensdag 13 September tot Vrydag 15 September op die dorp se skouterrein aangebied, met 'n groot fokus op die veeskou asook vermaak vir die kinders.**

### Aanbiedings

Grootfontein Skou is nog die enigste in die land wat 'n perde-afdeling het en waar daar ook jaarliks met perde geskou word.

Dienooreenkomstig sal die Namibiese Saalperd-kampioenskappe tydens die skou aangebied word.

Daar word ook 'n prettige hondeskou aangebied, met pryse wat gegee sal word vir onder meer die eienaar en die hond wat die meeste na mekaar lyk, asook die beste kinderhanteerder van jonger as 14 jaar.

Daarbenewens is die kleinvee ook in groot getalle terug op die skou en sal die beeste weer 'n hoogtepunt op die kalender wees.

Verskeie uitstallers sal ook op die skou gesien kan word, terwyl kosstalletjies oraloor beskikbaar sal wees.

### Kindervermaak

Die skoukomitee het vanjaar besonderse moeite gedoen om vir vermaak vir die kinders te sorg.

Dit sluit in verskeie springkastele, wat water-gly-kastele insluit.

Jong boksers sal ook hul staal op die skou wys, terwyl 'n skoolkuns-kompetisie, foto-kompe-tisie asook 'n mode-kom-petisie aangebied sal word waar mode-ontwerpers sal kan wys watter kleding-stukke hulle uit herwinde materiale soos ou koerante en tydskrifte gemaak het.

Grootfonteiners sal Vrydag hul gewilde optog deur die dorp se strate hou, met kunstenaars soos George Jesaya op Donderdag om 08:00, terwyl Len en Joharetha vir die skou-opskop op Vrydag 15 September om 19:30 sal sorg.

Woensdagaand sal 'n plate-joggie skougangers op die punte van hul tone hou.

Vanjaar word daar ook vir die eerste keer in baie jare 'n Mnr. en Mej. Skou gekroon.

**Vir meer inligting, kontak Nita Pretorius by 081 124 2182.**


Kinders moet swemklere saambring.


Lorna Fashions sal ook uitstal.



# Oesfees dié naweek gehou

Grootfontein Boerevereniging bied op Saterdag 2 September weer hul jaarlikse Oesfees op die Grootfontein Skougronde aan, met verskeie vermaaklike aktiwiteite wat beplan word.

Daar word van 08:00 tot 16:00 'n skietkompetisie aangebied, met kindervermaak en 'n "Farmer's Cross Fit-kompetisie wat ook vanaf 10:00 aangebied word. Die damesprogram begin om 13:00 met Minette van der Bijl as aanbieder, waarna die mansprogram om 14:00 begin met Agsci Unlimited se Richardt Venter wat 'n praatjie oor kuilvoer sal lewer.

Cas Becker lewer om 16:00 'n motiveringspraatjie vir feesgangers, waarna pryse vir die dag se kompetisies oorhandig sal word.

Mej. Oesfees word ook laataand gekroon, waarna 'n dans aangebied sal word met Danie Prinsloo agter die mikrofoon.

Skilderye sal deur Hermanus en Coline Steenkamp uitgestal word, terwyl huisware ook uitgestal sal word.

Ander uitstallers vertoon juwele, klere, naaldwerk, terwyl daar ook plante, trekkers en implemente sal wees.

Toegangsfooi is N$50 vir volwassenes en N$20 vir skoolkinders. Aandete kos N$100 . **Vir meer inligting, kontak Madelein Malan op 081 242 5456.**



## 067-retailers in Otjiwarongo, Outjo, Otavi &Tsumeb to join

The Meat Board has identified a "Meat Route" that runs across the country and offers Namibia's finest meat and meat products.




The Meat Board of Namibia seeks red meat and red meat product outlets, tourism shops or convenience stores to participate in the Meat Board's Meat Route initiative.
This Meat Rote will run along the main tourism roads of Namibia and will indicate to tourists or visitors to Namibia where Namibian red meat and meat products can be purchased along the route.
Red meat and red meat product outlets, tourism shops or convenience stores in the following towns or en route to these towns are invited to apply: Noordoewer, Ariamsvlei, Luderitz, Keetmanshoop, Mariental, Sesriem, Swakopmund, Windhoek, Gobabis, Okahandja, Omaruru, Otjiwarongo, Outjo, Otavi, Rundu and Katima Mulilo.

**Criteria to participate :**

- ·Supply Namibian meat and meat products obtained from the Meat Board registered abattoirs and processors; and
- Present a unique shopping experience to the buyer; and
- Attractive meat display; and
- Product must be of Namibian origin

**How it will work**

A Meat Route brochure will be available at all ports of entry to Namibia, on the Meat Board web page, and on Meat Board social media pages.

**For enquiries, please contact 061 275 847 or petrus@nammic.com.na**

**Enjoying this publication?**

*We know what we are doing! Advertise with us!*

oh!sixseven central northern areas

Facebook: 067triangle 085 743 0595 067triangle@gmail.com

## Chance of El Niño remains at 70%

The Australian Bureau of Meteorology alert of an El Niño continues, with El Niño development likely during spring.
When El Niño Alert criteria have been met in the past, an El Niño event has developed around 70% of the time.
Sea surface temperatures (SSTs) in the tropical Pacific are exceeding El Niño thresholds and have continued to warm slightly over the last fortnight. SSTs are likely to remain above El Niño thresholds until at least early 2024.
The 90-day Southern Oscillation Index (SOI) is presently just below El Niño thresholds, However, atmospheric indicators suggest that the Pacific Ocean and atmosphere are not yet consistently reinforcing each other, as occurs during El Niño events.
The latest weekly Indian Ocean Dipole (IOD) index is +1.05 °C, being the second week above the positive IOD threshold of +0.40 °C. However, before an IOD event is declared, several more weeks of the IOD index above the positive IOD threshold are required.
The Madden–Julian Oscillation (MJO) is currently weak and is likely to soon move over the Maritime Continent or Western Pacific. If this pulse moves into the Western Pacific and remains strong it may assist El Niño development by weakening trade winds

# Calender of events

Want to advertise your event free of charge? Send all details by the 20th of the month to 067triangle@gmail.com.




**1 September 2023**

Spring Day

**2 September 2023**

Grootfontein Oesfees
Grootfontein SPCA Mutt-Strutt dog walk day
Tsumeb Motor Club Oval Racing
Knuppeldik Fees, Geref. Kerk, Otjiwarongo

**9 September 2023**

Mooilaagte Boeredag Bul- & Ramveiling

**13 - 15 September 2023**

Grootfontein Show

**1, 8, 15 & 22 September**

Tsumeb Bowling Club Spring Bowls

**16 September 2023**

CAN Woman's Health Breast Clinic, Otjiwarongo Medi-Clinic & Tsumeb Etosha Medicare
Otjiwarongo 4x4 vasbyt, Paresis-skougronde

**28 September 2023**

4th Edugate livestock auction - Agra







